Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichrist te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel

Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ookal mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid ’n rustige en stil lewe kan lei. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur. (NGB Art 36)

Politiek onrusbarend!

- Korrupsie
- Onkunde
- Gebrek aan leierskap
- Haatspraak/rassetwis
- Kriminaliteit

Christene se gesindheid teenoor (swak) regering)?

Emosies opgewek om

- onchristelik te dink
- onchristelik te praat!

Wat sê GOD/Bybel oor staat/regering?

Onderskei tussen politiek en … politiek!

πολίτίκης = staatkunde

Die (abstrakte) studie van

- persone met gesag
- om wette te maak
- oorloë te verklaar
- besluite te neem namens die inwoners van ’n land

„Abstrak” bedoel

- bly bestaan ongeag die bekleër van die pos/amp/posisie
- oorgedra van een regering na ander
- word nie geskep nie, maar bestaan, ongeag of dit gevul is
- Selfs: regeringsvorm nie voorskriftelik nie

Monargie = koning

Demokrasie = volk

Diktatuur = enkeling

Oligargie – klein klompie

Ens...

Voorafgaande = „politiek” of dan, staatkunde

Maar „politiek” ook op ander manier gebruik:

Die bevordering en propagering van

- ’n spesifieke groep
- se ideale/idees
- sodat hulle die regering van die dag kan vorm

Laasgenoemde is nie die terrein van die kerk/dominee nie!

Moet uithou daaruit!

Maar: oor breër politiek (=staatkunde) mag kerk hom nie weerhou nie

- Is samelewingsverband deur God geskep!
- En daarom praat die Bybel daaroor

Gaan dus nie oor watter

politieke stelsel

of politieke party nie!

„Staat” is nie uitvinding van mense nie

- Kry gesag van God af

Probleem in Jesus se tyd:

- Gewoond aan teokrasie
- maar nou onder heidense keisers!

Vier teksgedeeltes belig problematiek

Matteus 22

Fariseërs („net God se wet”)

Herodiane (trou aan Romeinse keiser)

“Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.” (Mat 22:21).

Ons verwag van die staat

- om hom besig te hou met die bestuur van die land
- sodat kerk op sy eie terrein sy werk kan doen

Romeine 13

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, 2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. (1 Ti 2:1 – 3).

Ons verwag dit van ons regering,

En bid dat God dit sal laat gebeur!

Handelinge 4

Wanneer mag (moet!) jy ongehoorsaam wees?

Wanneer staat eis: iets te doen strydig met God se wil

“Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. (Han 4:19).

Handelinge 4

Selfs as

- beboet
- in tronk gestop
- vervolg
- gedood!

Moses (Heb 11: 24 – 26) : Eerder sleg behandel

Daniël: Eerder in leeukuil

1 Petrus 2

13 Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp
aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as
hoogste gesag is 14 of die goewerneurs as sy
gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf,
maar dié wat goed doen, moet prys. 15 Dit is die wil van
God dat julle deur goed te doen, ’n einde sal maak aan
die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde
praat. (1 Pet 2:13).

Christene is modelburgers!

1 Petrus 2

Gehoorsaam in alle opsigte

- Belasting betaal
- Spoedgrense, ens

Altyd ’n voorbeeld

vir dag as nodig dat jy ongehoorsaam is	dat sal blyk: nie rebelsheid, maar eer van God!

Uit dank vir verlossing in Jesus Christus!

Christen het dubbele burgerskap

- Koninkryk van God
- Aardse land (RSA)

Bid dat

- God ons bewaar dat twee in stryd sal kom met mekaar
- ons regering sy werklike taak sal uitvoer – sy Goddelike opdrag!

Amen